

Johannes 21: 24 Dit is daardie student (Johannes) wat van hierdie dinge getuig en hierdie dinge geskryf het, en ons weet dat sy getuienis die Waarheid is.

25 En daar is nog baie ander dinge wat JaHWèshua alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld (**lees, wêreldse mens**) self, dink ek, die geskrewe boekrolle nie bevat nie. Amein.

Die nuwe openbaring van Johannes - Boek 1

Geestelike interpretasie van die inleidende woorde van die Boodskap van Johannes [Johannes 1: 1-5]

1. IN die begin was die Woord, en die Woord was by die Elohim, en die Woord was Elohim.

Hoofstuk 1 Hierdie vers was alreeds die onderwerp van 'n groot aantal valse voorstellings en interpretasies; ja, selfs atëiste gebruik hierdie einste teks om My godheid te betwyfel, te meer sekerlik omdat hulle in die algemeen die bestaan van die godheid ontken. Hoe dit ookal sy, ons gaan nie weer sulke valse konsepte aanbied waar groter verwarring kan kom nie, maar sal lig werp op die saak met die kortste moontlike verduideliking. Hierdie in sigself lig binne die Oorspronklike Lig sal outomaties alle misverstande beveg en oorwin.

[2] Die hoofrede waarom sulke tekse nie verstaan word nie, is oorwegend die baie swak en **verkeerde vertaling van die Skrifte vanaf die oorspronklike taal na die tale van die huidige tyd**, maar dit is vir die beste. Want as die innerlike betekenis van sulke tekse nie so goed verborge was soos dit nou is nie, sou dit wat apartgestel is daarin, lank gelede totaal onteer gewees het, wat rampspoedig vir die hele aarde sou wees. Soos dinge egter nou daar uitsien, is slegs die buitedop beskadig, terwyl die apartgestelde lewe behoue gebly het.

[3] **Die tyd het gekom** om die ware innerlike betekenis van sulke tekse te toon aan almal wat waardig is om te deel in hierdie kennis, maar die onwaardige sal duur betaal, want in hierdie dinge sal Ek nie mee gespot word, en Ek sal nooit daaroor onderhandel nie.

[4] Nou sal die verduideliking volg na hierdie noodsaaklike inleiding, maar Ek sal byvoeg dat hierin slegs die **innerlike betekenis met betrekking tot die siel en gees** verstaan moet word, en nie die **mees innerlike, suiwer hemelse betekenis** nie. Dit is te apartgestel en kan slegs sonder skade gegee word aan diegene in die wêreld wie dit soek deur 'n lewe te lei binne die reëls volgens die voorskrifte van die Boodskap. Maar die innerlike betekenis betreffende die siel en gees sal gemaklik gevind word, partykeer alreeds deur middel van die

korrekte vertaling in die eie moedertaal van die tyd, wat duidelik sal word in die verduideliking van die eerste vers.

[5] Die uitdrukking "In die begin" is baie verkeerd en verberg die innerlike betekenis grootliks, want daardeur kan selfs die ewige bestaan van die godheid bevraagteken en betwyfel word, wat ook gedoen is deur sommige van die ouer filosowe van wie se skole die huidige atëiste voortgekom het. Maar as ons hierdie teks korrek weergee, sal ons vind dat sy bedekking maar baie dun is, en dit sal nie moeilik wees om die innerlike betekenis helder en somtyds baie akkuraat deur hierdie dun bedekking te ontdek nie.

[6] Die korrekte vertaling moet dus lees as volg, **In die oer oorspronklike wese**, of ook **in die oer oorsaak (van alle lewe)** was lig (die groot apartgestelde skeppingsgedagte, die bestaande idee). Hierdie lig was nie net in, maar ook met Elohim, dit is, die lig het uitgekom vanuit Elohim as substansieel sigbaar en was nie net in, maar ook met Elohim, en as't ware gevloei rondom die oer oorspronklike goddelike wese. Daardeur word die basis vir die uiteindelijke beliggaming van Elohim gegee, wat helder duidelik is in die volgende teks.

[7] Wie of wat was hierdie lig, hierdie groot gedagte, hierdie mees gewyde fundamentele idee van alle toekomstige wesenlike totale vrye bestaan? Dit kan onmoontlik enigiets anders wees as Elohim Homself, aangesien Elohim, deur Elohim en van Elohim niks as maar net Elohim Homself kon laat manifesteer in Sy ewige, mees volmaakte wese—en so kan hierdie ook as volg geles word.

[8] In Elohim was die Lig, die Lig het gevloei deur en rondom Elohim, en Elohim Homself was die Lig.

2 Hy was in die begin by die Elohim.

[9] Noudat die eerste vers genoegsaam verduidelik is en nou verstaan kan word deur enigiemand met 'n mate van verligting, is die tweede vers selfverduidelikend en dien slegs as getuie vir die feit dat die hierbo beskrewe woord of Lig of die groot skeppingsgedagte nie later in bestaan gekom het vanuit die oorspronklike wese van Elohim nie, **maar is net so ewig soos Elohim**, in sigself Elohim, en besit Hy daarom nie enige proses van om in bestaan te kom nie. Dit is waarom die verduideliking—by wyse van getuienis—volg, Hy was in die begin, of in die oorspronklike oorsaak van alle bestaan, en in alle latere bestaan - as die Eerste Oorsaak Homself met -, binne - en buite Elohim, daarom in Homself Elohim deur en deur.

3 Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

[10] Hierdie vers bevestig en bewys, soos dit is, wat alreeds in die eerste vers duidelik aangebied is as die “Woord” of “Lig” in die oorspronklike wese van alle skepping of in bestaan kom, dus totaal teenwoordig, maar nog nie ten volle gemanifesteer nie.

[11] Ooreenstemmend moet hierdie derde vers in sy korrekte vertolking lees as volg: “Alle bestaan het in bestaan gekom vanaf hierdie oorspronklike bestaan wat in Homself deur en deur die ewige Eerste Oorsaak van Sy bestaan is.” Die Lig, Woord en Wil

van Sy bestaan stel Sy eie Lig, Sy ewige idee van skepping, uit Homself in `n tasbare, sigbare bestaan; en **daar is niks in die hele ewige oneindigheid wat nie voortgegaan het vanaf die Eerste Oorsaak op dieselfde wyse en gemanifesteer het in sigbare bestaan nie.**

Word vervolg: